**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A122/2006

In die appèl tussen:

**DAVID THABO KHATALA** 1ste Appellant
**PIET THEBE SELLO** 2de Appellant
**MAPHATHI SIMON MELANI** 3de Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** BECKLEY, WnRP *et* RAMPAI, R *et* KRUGER, R

---

**UITSPRAAK:** KRUGER, R

---

**AANGEHOOR OP:** 13 AUGUSTUS 2007

---

**GELEWER OP:** 23 AUGUSTUS 2007

---

[1] Die drie appellante was beskuldigdes 1, 2 en 3 voor die Rondgaande Hof te Parys (Hancke R). Daar was ook 'n 4de beskuldigde. By die aanvang van die verrigtinge voor ons het Mnr. Pretorius ons meegedeel dat hy nie daarin kon slaag om die derde appellant op te spoor nie, en dat hy dus

geen prokurasie van derde appellant kon kry nie. Hy het versoek dat die appèl slegs aangehoor word ten opsigte van die eerste twee appellante. Hierdie uitspraak handel dus slegs met eerste en tweede appellante.

[2] Die drie appellante is op 25 April 2001 skuldig bevind op klagtes 3 en 4. Klagte 3 was een van moord en klagte 4 een van roof met verswarende omstandighede. Al drie appellante het lewenslange gevangenisstraf gekry op klagte drie en 15 jaar op klagte 4.

[3] Namens appellante no. 2 en 3 is slegs aansoek gedoen om verlof om te appelleer ten opsigte van die skuldigbevinding op klagte 4, die roof met verswarende omstandighede. Die verhoorhof het sodanige verlof toegestaan. Die moord en die roof gaan in alle opsigte saam en enige inmenging met die skuldigbevinding ten opsigte van die roof sal ook 'n invloed moet hê op die moord hoewel daar nie verlof voor gevra was nie. Namens appellant no. 1 is aansoek gedoen om te appelleer teen sy lewenslange gevangenisstraf op klagte 3 (moord). Die verhoorregter het verlof toegestaan.

[4] Die roof wat die onderwerp vorm van klagte 4 vorm het op 17 Julie 1999 plaasgevind toe John Mzimkulu Konziwe van R500,00 kontant beroof is. Die moord in klagte 3 het op dieselfde dag plaasgevind toe Mokomhane Ishmael Tladi vermoor is. In die uitspraak op die aansoek om verlof om te appelleer ten opsigte van appellante 2 en 3 vermeld die verhoorregter dat hulle skuldigbevindings tot 'n groot mate op die getuienis van enkel getuienis berus. In die geval van tweede appellant, Sello Majuba, en in die geval van die derde appellant, Simon Panyane.

[5] Die getuienis van Majuba was dat op die betrokke dag besig was om potbalspel te speel by die Paradise Taverne. Om 19:30 die aand het vier mense binnegekom. Twee het vuurwapens gehad en twee het messe gehad. Hulle was agt tree van hom af toe hy hulle sien. Die vier het geraas en gesê die mense moet op die vloer lê. Terwyl hulle gelê het het hy 'n skoot hoor klap maar het nie gesien wie geskiet het nie. Daar is ligte bokant die potbalspeltafel. Daar is ook

ligte by die ontspannings-area en by die toonbank en 'n ander lig wat die toilette verlig het. Majuba het die vier mans wat hy die aand gesien het nie voorheen gesien nie. In die hof het hy appellante no. 1 en 2 uitgewys. Op 22 September 1999, nagenoeg twee maande na die voorval, het die getuie 'n uitkenningsparade bygewoon. Daar het hy appellante 1 en 2 uitgewys waar 25 mense op die parade was. Hy het gesien dat appellant no. 2 'n vuurwapen gehad het die aand van die voorval. Appellant no. 2 is een van die twee persone wat in die taverne na die toonbank gegaan het.

[6] Mnr. Pretorius, namens appellante, doen aan die hand dat die uitkenning van appellant no. 2 deur die getuie Majuba nie betroubaar was nie. Hy wys daarop dat hoewel die uitkenning ten opsigte van appellant no. 1 deur ander getuienis ondersteun word is daar geen stawende of onderskragende getuienis ten einde die korrektheid en betroubaarheid van Majuba se uitkenning van appellant no. 2 te bevestig nie. Verder sê Mnr. Pretorius dat Majuba nooit

'n beskrywing van appellant no. 2 gegee het nie.

[7] Majuba kon nie onthou of eerste appellant 'n hoed opgehad het nie of watter klere hy aangehad het nie. Hy het nie na sy klere gekyk nie. Hy het nie voor die uitkenningsparade 'n beskrywing van die aanvallers vir die Polisie gegee nie.

[8] Me. Claasen, namens die staat, voer aan dat beskrywing maar een van die aspekte is wat 'n betroubaarheidswaarborg sou kon wees. Die beligting was uitstekend. Die afstand van agt tree is nie ver nie en hy het die persoon duidelik gesien, hy het net nooit beskryf hoe hy lyk nie. Sy sê die blote feit dat hy nie 'n beskrywing gegee het van die persoon nie doen nie afbreuk aan sy waarneming nie, dit is maar een van die aspekte wat 'n hof in ag neem by die beoordeling van getuienis. In hierdie verband word in **S v MTHETWA** 1972 (3) SA 766 (A) te 768 A – C gesê:

> "Because of the fallibility of human observation, evidence of identification is approached by the Courts with some caution. It is not

> enough for the identifying witness to be honest: the reliability of his observation must also be tested. This depends on various factors, such as lighting, visibility and eyesight; the proximity of the witness; his opportunity for observation, both as to time and situation; the extent of his prior knowledge of the accused; the mobility of the scene; corroboration; suggestibility; the accused's face, voice, build, gait and dress; the result of identification parades, if any; and, of course, the evidence by or on behalf of the accused. The list is not exhaustive. These factors, or such of them as are applicable in the particular case, are not individually decisive, but must be weighed one against the other, in the light of the totality of the evidence, and the probabilities..."

[9] Majuba getuig dat hy vir appellante 1 en 2 gesien het toe hulle daar inkom. Daar was lig, en hulle was agt tree van hom af. Daar was geen mense tussen hom en die appellante nie. Hy kon appellante 1 en 2 mooi sien. Op die uitkenningsparade was Majuba seker van twee persone, (appellante no. 1 en no. 2) maar onseker van 'n derde. Dis aan hom gestel dat hy vir appellant no. 2 by die hof in Hennenman gesien het voor die uitkenningsparade maar

Majuba ontken dat hy daar was. Hy sê hy kon vir no. 2 uitken omdat hy hom gesien het op die toneel. In kruisondervraging namens appellante 2 en 3 sê Majuba die eerste ding wat sy aandag getrek het terwyl hy besig was om potbalspel te speel was die mense wat binnegekom het terwyl hulle geraas gemaak het. Appellant no. 1 het 'n mes gehad en no. 2 'n vuurwapen. Hy het hulle vir ongeveer 35 sekondes dopgehou maar gee toe dat dit heelwat korter kon wees.

[13] Wat spesifieke punte van kritiek teen Majuba betref:

(i) Die eerste punt wat Mnr. Pretorius noem is die presiese posisie wat appellant no. 1 tydens die roof ingeneem het. Hy wys op die teenstrydigheid tussen Majuba en Miriam Goliath. In kruisondervraging namens 1ste appellant het advokaat Van Rensburg aan Majuba gestel dat Miriam Goliath gesê het dat appellant no. 1 agter die potspeltafel gaan staan het.

Majuba sê dis wat sy gesien het, hy het vir appellant no. 1 laas gesien toe hy by die ontspanningsarea ingegaan het. Hy het hom nooit by die potspeltafel gesien nie. Dit word verder aan Majuba gestel dat Masilo getuig het dat appellant no. 1 nooit by die ontspanningarea was nie. Majuba hou voet by stuk. Waar Majuba was, kon hy nie die plek sien waar Masilo vir 1ste appellant gesien het nie. Majuba sê dis wat sy gesien het en hy getuig oor wat hy gesien het, dieselfde geld ten opsigte van Masilo. Elke getuie sien en beleef die situasie anders - **S v BRUINDERS EN 'N ANDER** 1998 (2) SASV 432 (SOKPA) op 439 E – F:

> gOndervinding het geleer dat daar byna nooit twee of drie getuies sal wees wat presies dieselfde getuienis sal aflê met betrekking tot dieselfde voorval of gebeure nie. Dit is derhalwe vir die verhoorhof om te besluit, inaggenome die getuienis as 'n geheel, of sodanige verskille wesenlik genoeg is voordat gesê kan word dat die Staat se weergawe nie aanvaar kan word nie."

(ii) Tweedens wys Mnr. Pretorius daarop dat Majuba se

twee verklarings botsende weergawes bevat ten aansien van die aanvanklike verloop van die gebeure en hoeveel mense betrokke was. Majuba se Polisieverklarings is aan hom gestel, met betrekking tot teenstrydighede oor of daar twee of drie persone na die toonbank gegaan het. Hy verduidelik dat drie persone in die rigting van die bedieningsarea beweeg het en toe het twee by die deur van die ontspanningsarea ingegaan en die ander een het hy nie mooi gesien nie. Wat betref die twee of drie wat na toonbank area beweeg verduidelik Majuba dat die persone nie stil gestaan het nie. Die verhoorregter het oorweging aan die weersprekings gegee en bevind dat hulle nie op wesenlike aspekte is nie. Dit is die soort te vinde waar verskeie persone hulle eie ervaring oorvertel. Teenstrydighede wat in polisieverklarings voorkom moet versigtig hanteer word. Weersprekings op sigself lei nie tot verwerping van 'n getuie se weergawe nie (Vergelyk **S v MKOHLE** 1990 (1) SASV

95 (A) op 98 f – g).

(iii) Mnr. Pretorius sê die Staat het leidende vrae gevra ten aansien van wesenlike aspekte. Daardie vrae is aan die einde van die hoofgetuienis en beliggaam 'n opsomming van wat reeds gesê is deur die getuie. Die getuie het reeds voorheen getuig waar hulle ingekom het en hoe die lig was. Daar was geen beswaar deur die verdediging nie, en geen was geregverdig nie. Die antwoorde was reeds op rekord.

(iv) Die laaste punt wat Mnr. Pretorius noem is die kwessie van appellant no. 1 se naam, en of Majuba vir appellant no. 1 voorheen geken het. Mnr. Pretorius sê hierdie getuienis is misleidend en duidelik vals. Aanvanklik sê Majuba dat hy appellant no. 1 se naam eers gehoor het toe hulle van die uitkenningsparade teruggekom het. Dan sê die getuie dat hy deurmekaar was. In vrae deur die hof sê hy dan dat 20 minute na

die voorval het hy by die mense in die taverne gehoor dat die een man se naam Thabo was. In verdere kruisondervraging sê Majuba dat hy vir Thabo voor die voorval van sien geken het. Majuba sê hy sou nie die naam in sy verklaring noem terwyl hy dit nie geken het nie. Appellant no. 1 bevestig in sy getuienis dat hy vir Majuba voor die voorval ontmoet het.

Hierdie kwessie oor die naam van die appellant no. 1 kan verklaar word deur die feit dat die persone na die aanval waarskynlik gepraat het en van die mense toe gesê het dat die een aanvaller Thabo was. Dit sou 'n normale reaksie wees van persone wat aangeval en beroof is dat hulle sou bespreek wie die mense is en of hulle die name ken. Sommige mense sou die name ken, ander weer nie. Die getuie sê in sy aanvanklike verklaring dat hy nie die mense geken het nie maar hy onderskei nie in sy latere verklaring tussen wat hy later gehoor het en wat hy voorheen geweet het nie. Dit is

‘n subtiele vorm van denke.

[14] Die belangrikste vraag gaan oor Majuba se geleentheid tot waarneming. Hy was op die vloer en nie besonder naby aan die persoon nie en die vraag is of hy inderdaad die geleentheid gehad het om ‘n behoorlike waarneming te kan doen. Betroubaarheidswaarborge hier is die volgende:

(i) Appellant no. 2 word ook deur Konziwe in die beskuldigdebank uitgewys, hoewel hy hom nie op die uitkenningsparade kon uitwys nie. Hy sê hy was op daardie stadium onder doktersbehandeling met griep. Sodanige uitkenning is normaalweg nie van veel waarde nie, en is nie deur die verhoorregter in ag geneem nie. Maar, sê Me. Classens namens die staat, dit toon aan dat daar ‘n persoon in die groep was wat so gelyk het soos wat appellant no. 2 lyk. Dit verleen ‘n mate van stawing.

(ii) Die feit dat die beskuldigdes vriende was.

(iii) Beligting was baie goed.

(iv) ‘n Uitkenningsparade word beskou as ‘n betroubare stawing vir uitkenning. Die feit dat Majuba op die uitkenningsparade

getwyfel het oor 'n derde persoon, en ook so gesê het, wys dat hy bewus was daarvan dat hy moontlik 'n fout kon maak, en dus versigtig was met sy uitkenning van appellant no. 2, wat oorwoë was. Dit dui op sy betroubaarheid en eerlikheid.
(v) Majuba het gesien dat twee van die aanvallers vuurwapens gehad het en twee het messe gehad. Appellant no. 1 het 'n mes gehad en no. 2 'n vuurwapen. Die feit dat twee van die aanvallers vuurwapens gehad het, word gestaaf deur Konziwe. Hierdie getuienis van Konziwe rugsteen die betroubaarheid van Majuba se waarneming en gevolglik uitkenning van appelant no. 2.

[15] Daar was voldoende betroubaarheidswaarborge vir die waarneming van appellant no. 2 deur Majuba.

[16] Wat die appèl van appellant no. 1 betref, gaan dit slegs oor sy lewenslange vonnis. Mnr. Pretorius sê die verhoorhof het fouteer deur te bevind dat wesenlike en dwingende omstandighede afwesig was en hy noem die volgende as wesenlike en dwingende omstandighede:

1) Appellant was 19 jaar oud tydens die voorval.
2) Appellant het 'n vorige veroordeling vir aanranding gepleeg op 24 Mei 1997 waarvoor hy 'n opgeskorte vonnis gekry het. Dit was nagenoeg twee jaar voor die

voorval.

3) Appellant no. 1 was slegs met ‘n mes bewapen en geensins teenwoordig by die dood van die oorledene nie. Appellant no. 1 was by die ontspanningsarea, nie in die direkte aanwesigheid waar die oorledene gedood is nie.

4) Die dood was onbeplan en op die ingewing van die oomblik gepleeg.

5) Niemand was beseer en ‘n relatief klein bedrag is geroof.

[17] Me. Claasen namens die Staat voer aan dat die verhoorhof appellant se persoonlike omstandighede in ag geneem het. Sy noem verswarend die feit dat ‘n persoon se lewe onnodig geneem is; appellant no. 1 geen berou toon nie en ‘n aktiewe rol gespeel het, hy was met ‘n mes bewapen wat hy in ‘n steekposisie gehou het. Eintlik is die enigste punt wat in sy guns tel die feit is dat hy ‘n jeugdige is. Me. Claasen wys daarop dat hy tydens hierdie gebeure hom soos ‘n

volwassene gedra het. Om daardie rede sou 'n Hof van Appèl nie kon inmeng nie. 'n Ander rede waarom 'n Hof van Appèl nie sou kon inmeng nie is omdat hoewel hierdie hof miskien nie dieselfde vonnis sou oplê nie beteken dit nie dat daar 'n wanvoorligting was nie of dat die vonnis skokkend swaar en onvanpas is nie. In die vooropstelling bestaan daar geen rede om met die vonnis in te meng nie.

[18] Die appelle van eerste en tweede appellante word afgewys en hulle skuldigbevindings en vonnisse word bekragtig.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

A. **BECKLEY, WnRP**

Ek stem saam.

**M. H. RAMPAI, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellante no. 1 en 2: | Mnr. K. Pretorius<br>In opdrag van:<br>Bloemfontein Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Me. Claasen<br>In opdrag van:<br>Die Direkteur<br>Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/EM